Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens. 17 Nov. 1948. Prys 3d. No. 2

## ONTSLANE POLISIE HERSTEL

Polisie wat sedert die uitbreek van die oorlog sonder verhoor uit die diens ontslaan is of self hul eervolle ontslag geneem het, sal weer toegelaat word om by die mag aan te sluit, volgens 'n aankondiging van die Minister van Justisie. 'n Departementele kommissie sal ondersoek instel na die geskiktheid en beskikbaarheid van oud-lede. Aansoeke moet voor 31 Januarie die Sekretaris van Justisie bereik.

## EERSTE HOFGEDING OOR SETEL MISLUK

**Nadat die Hooggeregshof eergister beslis het dat minister B. J. Schoeman, L.V. vir Maraisburg, wettig tot verteenwoordiger van dié kiesafdeling gekies is, het die tweede hofgeding oor die uitslag van die verkiesing begin waarin versoek word dat mnr. S. J. Tighy, L.V. vir Johannesburg-Wes, wat 'n meerderheid van 32 behaal het, onwettig verklaar word.**

In eersgenoemde geval het die regter beslis dat die petisie van adv. Snyman wat vra dat die verkiesing van min. Schoeman ongeldig verklaar moet word, verwerp word op grond van die feit dat die beweerde onreëlmatighede nie die meerderheid van 962 ten gunste van mnr. Schoeman in 'n minderheid sou verander het nie.

Die petisie oor Johannesburg-Wes wat ingedien is deur mnr. L. A. Putter, beweer onder meer dat die verkiesing by een betrokke stembus vir 'n uur nie geheim was nie en dat daar gedurende die periode geen behoorlike stemhokke was soos die wet voorskryf nie. Verder word verklaar dat tussen 200 en 300 stembriewe nie deur die kiesers self in die amptelike stembus gesit is nie, maar deur ander mense.

Die saak in Brakpan, waar aansoek gedoen is om mnr. John Vorster as verkose te verklaar, kan nog nie dien nie omdat mnr. A. E. Trollip, wat met twee stemme - meerderheid verkose verklaar is, nog 'n konferensie in Bermuda bywoon. Verwag word dat die saak vroeg aanstaande maand sal dien.

### TUSSENVERKIESING

Die tussenverkiesing op Stellenbosch vind vandag plaas. Die kandidaat vir die H.N.P. is mnr. Bob Loubser, en dié van die V.P., mnr. Louis Hofmeyr. Die verkiesingsveldtog was gekenmerk deur lewendige politieke vergaderings, aangevul deur praatjies oor sportprestasies — mnr. Loubser was Springbokvleuel en mnr. Hofmeyr, Vrystaatse speler op sy dae.

# SENAAT MAAK ONS VOLK TOT BESPOTTING

## MOET PLEK RUIM VIR BEROEPE

**Die uitslag van die verkiesing van naturelleverteenwoordigers in die Senaat, met sy beklemmende gevolge vir gladde deurvoering van wetgewing, laat opnuut die lig val op die oorbodigheid van hierdie liggaam wat geen aanvullende bydrae tot die oorweging van wette lewer nie, maar eenvoudig 'n herkouing is van standpunte en menings wat reeds op baie langdradige wyse in die volksraad gelug is. Dit is niks anders nie as 'n politieke nadrup van die eerste wetgewende kamer, en assodanig 'n geld- en tydrowende weelde wat geen land in die moderne tyd met sy ingewikkelde en snelopvolgende probleme opgesaal mee kan sit nie.**

Volgens die partypolitieke indeling van die senaat het die regering nou net soveel verteenwoordigers as die opposisie gesamentlik, naamlik 22. Met die voorsitter of president wat die regering uit sy eie geledere sal moet kies, sal hy 'n minderheid van een hê — die voorsittende stem is net beslissend in geval van stakings. Die opposisie is dus in staat om alle wetgewing te belemmer, en die normale oplossing daarvoor sal wees dat die regering gesamentlike sittings sal moet hou — **wat in die geval van gewone maatreëls eers op 'n volgende sitting van die parlement kan geskied. Daar sal dus gereeld twee sittings per jaar moet wees — een waarop wetgewing deur die volksraad goedgekeur en deur die senaat afgekeur word, en 'n tweede waar die twee huise gesamentlik die wetgewing sal goedkeur met die regeringsmeerderheid.**

### GEKLIK

So 'n prosedure is nie net geld- en tydrowend nie, maar uitermate geklik vir 'n staat wat deur volwassenes regeer word.

**Omdat die parlement deur teenoor-mekaarstaande partye saamgestel is, weet elkeen dat wat die regeringsparty se koukus besluit, uiteindelik wet gaan word indien die regering 'n gesamentlike meerderheid in die twee huise het — indien hy dit nie het nie, kan hy nie regeer nie. Alles wat intussen gesê of gedoen word deur die opposisie kan geen keer daaraan bring nie. En tog sal daar nou 'n prosedure gevolg moet word wat aan 'n koukusbesluit eers na agt of tien maande regskrag sal verleen, en dit op 'n tydstip van die geskiedenis wanneer die politieke aansien van kontinente in 48 uur kan verander!**

Hierdie geklike prosedure kan alleen oorkom word deur 'n wysiging van die grondwet, hoewel 'n poging om dit te vermy aangewend kan word deur 'n wysiging van die Senaatswet van 1926, wat dit vir die regering moontlik sal kan maak om na 'n gunstige provinsiale raadsverkiesing die senaat te ontbind en opnuut saam te stel. Is die uitslag van die provinsiale verkiesing minder gunstig, verander dit niks aan die vraagstuk nie.

### KAMER VAN BEROEPE

Die vraag kom dus op: **Waarom nog langer opgeskeep sit met 'n tweede kamer wat in die latere jare geen groter nut dien as dié van 'n politieke ou-**

(Vervolg op kolom vyf)

(Vervolg van vorige kolom.)

**manne-tehuis vir partykandidate wat deur die kiesers in die volksraadsverkiesing — indien nie reeds deur partylede in 'n partybenoeming nie — verwerp is? Waarom moet wetgewing op presies dieselfde meriete van partypolitieke oorwegings in 'n tweede liggaam geherkou word op dieselfde patroon as in die volksraad? Is dit nie die taak van 'n tweede wetgewende kamer om 'n aanvullende bydrae tot die bespreking en oorweging te lewer nie? En watter beter manier om aanvullende lig op landsake te werp kan daar aan gedink word as dié wat deur 'n tweede kamer van beroepsverteenwoordigers saamgestel is? Hierdie mense sal dan deskundiges in hul onderskeie vakke wees en dus deskundige bydrae kan lewer tot die partypolitieke oorwegings van die eerste kamer.**


Nog selde was die tyd so ryp vir en het die omstandighede so aangedring op 'n algehele verandering van ons regeringstelsel nie. Dit lê in die hande van die regering om daardie noodsaaklike veranderings teweeg te bring of om voort te gaan met lappery aan 'n wetgewende stelsel wat sy aanhangers met geen ander gawe krediteer as dié van tradisievastheid nie — in hierdie geval boonop nog 'n tradisie van 'n land 6,000 myl ver verwyder.

## Uitslae Van Verkiesing

Die uitslae van die verkiesing vir naturelleverteenwoordigers in die senaat was as volg: in die Transvaal-Vrystaatse afdeling het mnr. W. G. Ballinger (onafh.) 434,908 stemme op hom verenig terwyl kol. H. O. Sayer 203,213 stemme en mnr. J. H. van Rensburg 58,024 stemme verkry het. Laasgenoemde was die nasionaalgesinde kandidaat, hy het sy deposito verbeur.

In Natal was daar net twee kandidate. Dr. E. H. Brookes met 372,184 stemme en mnr. J. H. van Rooyen, die nasionaalgesinde kandidaat met 68,414. Mnr. van Rooyen het die steun van Cyprian, die Zoeloe-kaptein van die heersende stam, geniet.

## POLITIEKE BELEGGING



**Volgens Westerse waarnemers, wil dit voorkom asof die Berlynse blokkade wat deur Rusland begin is en die Westerse moondhede 'n aardige bedraggie aan lugvervoer kos, besig is om teen Rusland te draai omdat dit hom in onguns laat verval het by die Duitsers. Daarom verkies die Weste dat die blokkade nog 'n tyd moet voortduur sodat die situasie sy volle diwidend kan afwerp. Met die oog op die naderende winter word die vervoer — veral van brandstof — na Berlyn tans vergroot en is daar 'n nuwe lughawe by Schlieswigland aangebou. Duitse werkers is besig om sakke steenkool in die vliegtuig te laai wat vir die inwoners van Berlyn bedoel is. Lees ook berig op bladsy vier.**

## EENSGESINDE STIGTING VAN A.P.-TAK

**Die noodsaaklikheid dat die Afrikanerparty moet voortbestaan omdat die Afrikanersaak daardeur beter gedien kan word, is verlede Donderdag deur adv. J. de Vos beklemtoon tydens die stigtingsvergadering van 'n A.P.-tak te Observatory. Die tak tel reeds 40 lede en nuwe lede word tans ingeskryf.**

Die stigtingsvergadering is ook bygewoon deur 'n aantal H.N.P.-lede, onder wie mnr. Kobie Marais, bestuurslid van die plaaslike H.N.P.-tak en mnr. J. Marais jnr., bestuurslid van die Nasionale Jeugbond. **Daar het 'n gees van hartlikheid geheers en nadat adv. de Vos die gehoor toegespreek het, het mnr. J. Marais sy instemming met die vergadering betuig en sy hulp aangebied om die tak te help organiseer.**

Die voorlopige bestuur wat gekies is, is die volgende: mnr. H. A. Heyns, voorsitter; mev. M. U. de Klerk, onder-voorsitster; en mnr. J. de Goede, sekretaris.

# Werkloosheid Begin Skadu Werp Oor V.S.A.

**Die betaalmiddele-vraagstuk wat die Unie so pas genoodsaak het om invoerbeheer in te stel, is besig om hom in teenoorgestelde rigting in Amerika te laat geld. Die ongeëwenaarde uitvoer van die Verenigde State, wat byna ses maal so groot is as die vooroorlogse, het so 'n opslurping van dollars in vreemde lande ten gevolge gehad dat die Amerikaanse produksie weens 'n daling in die uitvoer tans besig is om in te krimp. Dit kan die begin van 'n nuwe tydperk van werkloosheid inlui wat moontlik voorlopig net deur die nuwe bewapeningswedloop besweer kan word.**

Na Sapa berig, toon die Amerikaanse uitvoer, wat verlede jaar die kolossale bedrag van £4,250,000,000 beloop het, tans 'n daling van 16 persent vergeleke met die ooreenstemmende tyd verlede jaar, en word daar verwag dat dit teen die end van die jaar 20 persent laer sal wees. Terselfdertyd word berig dat produksie vinnig aan die afneem is en dat werkers afgedank word. **Sommige fabrieke sal teen Januarie slegs een-derde van die werkers van 'n paar maande gelede in diens hê, terwyl ander hul personeel met die helfte gaan snoei. Dit geld veral die fabrieke van minder noodsaaklike goedere, en die tekstiel-, rubber- en leerbedrywe.**

Die hoër lone wat werkers nog steeds besig is om te eis, word ook as 'n rede genoem vir die vermindering van arbeidskragte. Daar word juis verwag dat met die verkiesing van Truman tot president, 'n nuwe vlaag looneise binnekort verwag kan word.

## BRITSE REGERINGSLEDE SING KOMMUNISTIES

Hoe linksgesind sommige van die Britse regeringslede is, het verlede week geblyk uit 'n hofsaak na aanleiding van 'n voorval wat gedurende die nag van 30 April vanjaar in die laerhuis plaasgevind het.

Terwyl die laerhuis besig was om die wetsontwerp insake nasionalisering van vervoer te bespreek het dit middernag geword, en ten einde Meidag (die feesdag van die Kommuniste) te vier, het 'n aantal regeringsondersteuners in die wandelgange die Meidaglied en die Kommunistiese „Rooi Vlag" begin sing, volgens getuienis wat in die hof afgelê is.

Die hofsaak spruit voort uit 'n aksie wat een van die beweerde singende en dansende lede, mev. Margeret Braddock, teen 'n koerant ingestel het omdat dié haar te na sou gekom het in sy verslag oor die passies wat sy uitgevoer het. Sy het egter haar saak verloor. In haar getuienis het die vrou verklaar dat sy in 'n „oorwinningstemming" was.

## ADJUNK K.G. OP ROBERTSON

**Die O.B.-kommando's van Robertson, in oorleg met genl. M. F. Smith, gaan vanjaar 'n groot feestelikheid maak van hul O.B.-dag. Die fees sal op Saterdag, 27 November, in die stadsaal, Robertson, gevier word. Genl. M. F. Smith sal die basaar om 5 nm. open.**

**Om 8-uur die aand sal die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, 'n openbare vergadering in die stadsaal toespreek. Die publiek word hartlik uitgenooi om die funksie te ondersteun. Genl. M. F. Smith vra dat omliggende eenhede die geleentheid te baat moet neem om na die twee leiers te luister. Robertson kry nie dikwels die geleentheid om 'n saamtrek te reël nie, en sal buur-kommando's van harte verwelkom.**

**Meer rys sal gedurende Desember beskikbaar gestel word. Die regering het 'n bestelling in Brasilië geplaas wat voldoende is om 'n jaar lank te voldoen aan een-derde van die land se behoeftes.**

## Antwoorde Op Blokkiesraaisel:

DWARS:

1 Kairo, 3 Anker, 7 Nootvas, 8 Onik, 10 Nering, 11 Olie, 13 Unie, 15 Ja, 17 Kantate, 20 Rome, 23 An, 24 Lusaka, 25 Gekruis, 26 Argitek, 27 Erd.

AF:

1 Kango, 2 Retief, 3 Afsnou; 4 Koor; 5 Ruïne, 6 O.B., 9 K.G., 12 Pan, 14 Epos, 15 Jan, 16 An, 17 Kante, 18 Trem, 19 Tiran, 20 Rusie, 21 Manel, 22 Ek, 24 Lig.





**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt-sigarette lyk *goed*, voel *goed*, smaak *goed* en rook *goed*.

Vir jare reeds is die uitsoek-tabak wat nou in Rembrandt-sigarette gebruik word sorgvuldig weggelê om te verouder want net soos wyn het tabak ouderdom nodig om tot volle rypheid te kom.

*Daarom* het so baie rokers oorgeslaan na

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg. RA.9


# Mynwerkers Beslis 12 Jaar Oue Stryd

**Die uitslae van die mynwerkersverkiesing om verteenwoordigers op die hoofraad (algemene raad) te benoem, was 'n volslae oorwinning vir die Verenigde Mynwerkerskomitee. Hulle het tans 'n twee-derde meerderheid in die raad wat hulle volle beheer oor die sake van die vakbond gee.**

**Die hoofraad bestaan uit 40 afgevaardigdes. Hoewel al die uitslae van die verkiesing nog nie bekend is nie, het die Verenigde Mynwerkerskomitee reeds 30 ondersteuners op die raad. Slegs vier setels is deur die huidige administrasie verower.**

Die eerste stap in die samestelling van nuwe besture van die mynwerkersvakbond is gedoen met die verkiesing van skagverteenwoordigers wat so pas afgehandel is, en tensy hierdie verkiesing weer deur 'n hofuitspraak ongeldig verklaar word, soos voorheen herhaaldelik gebeur het, beteken dit die einde van 'n lang stryd wat binne die geledere van die vakbond geheers het.

Die samestelling van die besture geskied as volg:

Die mynwerkers kies uit hul eie geledere 'n skagmeester op elke skag. Daarna vind vergaderings van die skagmeesters van verskillende myndistrikte plaas, en elke distrik is volgens konstitusionele bepalings geregtig op 'n aantal verteenwoordigers in die Algemene Raad.

Die Algemene Raadslede kies op hulle beurt 'n president, 'n penningmeester, trustees, mynteringraadverteenwoordigers en Uitvoerende Raadslede.

Die Uitvoerende Raad wys die sekretaris en ander voltydse amptenare aan.

Die Vakbond is dus ingerig soos 'n piramide, en die klagtes, behoeftes en aanbevelings van die mynwerkers behoort doeltreffend deur hul skagmeesters die Algemene Raad te bereik vir oorweging.

In die praktyk egter, word direkte toevlug geneem tot die voltydse organiseerders en ander amptenare, en daarom is dit noodsaaklik dat hierdie amptenare simpatiek en pligsgetrou sal wees.

### SEDERT 1936

In 1936 reeds was daar ernstige tekens van ontevredenheid in die vakbond en 'n beweging het ontstaan om 'n tweede vakbond tot stand te bring. **Om dit te verhoed het die bestaande vakbond 'n geslote geledere-ooreenkoms aangegaan met die Kamer van Mynwese waarvolgens geen werker in die bedryf werksaam mag wees tensy dat hy lid is van die bestaande vakbond nie.**

Vir die ontevrede element was daar gevolglik net een uitweg naamlik 'n hervormingsbeweging binne die vakbond en sodoende het die „Hervormers-organisasie" tot stand gekom.

Die oorlog het die stryd binne die vakbond op die agtergrond geskuif en in 1941 is veranderings in die konstitusie aangebring waarvolgens geen verkiesing van nuwe besture moontlik was tot ses maande na amptelike vredes-sluiting nie. **Die bestaande Uitvoerende Raad het totale beheer oor die vakbond gekry en was by magte om enige vakatures van skagmeesters, Algemene Raadslede ens. na eiegoeddunke aan te vul.**

### ONDERGANG

In 1944 het die bewindhebbers van die vakbond die saad van hul eie ondergang gesaai toe hulle 'n aanbod van £500,000 vir hul lede van die Kamer van Mynwese aanvaar het op 'n tydstip toe die mynwerkers 'n loonverhoging van 30 % verwag het. Hierdie bedrag geld was aan die vakbond betaalbaar teen £100,000 per jaar en sou deur 'n gesamentlike komitee van die vakbond en die Kamer van Mynwese bestee word in belang van die werkers.

Die mynwerkers was woedend. Die koste van lewe was hoog en in plaas van harde klinkende munt in die hande van elke werker, het hulle „skemas" gekry — 'n „skema" vir die aankoop van hul eie huise, 'n „skema" vir die produksie van goedkoop groente, melk en eiers vir vakbondlede op vakbondplase.

Die saak van die bestuur van vakbondsake het weer pertinent op die voorgrond getree en 'n kommissie wat klagtes ondersoek het, het bevind dat die bewindhebbers skuldig was aan ernstige nalatigheid, in sommige gevalle selfs aan strafbare nalatigheid.

### STAKING

Weer het die ontevredenheid gesmeul totdat teen 'n lid van die vakbond in 1946 stappe gedoen is omdat hy geweier het om sy fooie te betaal. 'n Wydverspreide staking het ontstaan, hieruit is gebore die Verenigde Mynwerkerskomitee.

Dit is begryplik dat lede van die oorspronklike Hervormers-organisasie hulle in die geledere van die nuwe groep sal bevind, maar dit is nie meer bloot die „Hervormers" nie. **Nuwe kragte het bygekom, ook engelssprekendes, wat graag wil sien dat die vakbond-bestuur op 'n gesonde grondslag sal rus.**

Tans is daar 'n nuwe bewind aan die hoof van die Mynwerkersunie gestel, en soos die mynwerkers sake sien, sal dit die taak wees van die nuwe bewind om eerstens aan die werker bewys te lewer dat die vakbond die mondstuk van die werker is om sy regte te beskerm en sy belange te bevorder.

### NUWE BELEID

Dit word beweer dat bestaande ooreenkomste tussen die vakbond en die Kamer van Mynwese op baie myne veronagsaam word. Die werkers verwag dat hierdie ooreenkomste stiptelik uitgevoer sal word.

Tydens die oorlogsjare het die mynwerkers geen basiese loonsverhoging ontvang nie. Lewenskoste toelae en bonusse het enigsins hul finansiële posisie verlig, maar bonusse en toelae kan altyd weer weggeneem word. **Dit is te betwyfel of die nuwe bewind hom sal vereenselwig met die eis van 12½% loonsverhoging waarvoor onlangs vertoë gerig is tot die van Eck-kommissie. Verwag word dat hulle sal aandring op 'n loonsverhoging van 30% — 'n eis wat deur die vorige bewind oorboord gegooi is toe hulle die £500,000 aanbod van die Kamer van Mynwese aanvaar het.**

Dit is enkele van die klaarblyklike beleidspunte van die nuwe bewind. Daar mag nog heelwat opgesluit lê in die binnekringe van die Verenigde Mynwerkerskomitee en 'n mens kan alleen vertrou dat die mynwerkers in die toekoms beter daaraan toe sal wees as wat in die verlede die geval was.

Die taak van die leiers van die vakbond gaan nie maklik wees nie. Onder die heersende kapitalistiese orde is dit nou eenmaal so dat daar 'n nimmereindigende stryd tussen arbeid en kapitaal moet wees, en om die regverdige eise van die mynwerkers te versoen met die drakapasiteit van die goudbedryf, en natuurlik die tradisionele gulsigheid van die kapitalis, gaan nog baie hoofbrekens besorg — aan albei kante.

### PARTYPOLITIEK

Ten slotte kan ons maar gerus die beskuldiging vooruitloop wat deur een gedeelte van die pers rondgeslinger sal word, naamlik dat die vakbond nou onder politieke beheer staan. **Nouja — sedert die be-edigde verklarings van ene mnr. Gleisner in die Volksraad openbaar gemaak is, het geen buitestaander enige twyfel meer dat elke politieke party sy neus in vakbondsake steek nie.**

**Dit was 'n droewige dag vir die werkers van hierdie land toe 'n politikus ontdek het dat 'n vakbond 'n magtige wapen is in die stryd om die groen kussings. Vir die regerende party beteken 'n simpatieke vakbond rus en vrede op die arbeidsfront. Vir die opposisie-party is dit 'n wapen waarmee onrus gestook en die regeringsmag weer verower kan word. Vandaar die ruime belangstelling.**

Die ideale vakbondleier ken geen party-lojaliteit nie. Bewus van die politieke mag wat in sy hande is, **sal hy dit gebruik en nie laat misbruik nie. Hy veg vir billike en regverdige behandeling van die werkers, maar hy besef ook dat hy 'n plig het teenoor die nywerheid wat aan daardie werkers 'n heenkome bied, en dat hy 'n verantwoordelikheid het teenoor die land en sy bevolking.**

## Naturelle Stem Vandag

**Die verkiesing van die drie naturelle - verteenwoordigers vir die Volksraad vind vandag plaas. Daar is ses kandidate in die veld van wie een die setel namens die Kommunistiese Party beveg.**

Vir Oostelike Kaap is dr. P. J. Schoeman en mev. Ballinger die kandidate. Eersgenoemde sal as hy verkies word, die regering se beleid steun, terwyl laasgenoemde 'n uiters linkse kandidaat is. Sy is die sittende lid. In die Transkei is mnr. J. D. L. Kruger die nasionale kandidaat terwyl dr. O. D. Wolheim die ander kandidaat is. soos mev. Ballinger is hy links gesind.

Vir Westelike Kaap is mnr. D. Buchanan, die Kommunis Sam Kahn en mnr. A. P. van der Merwe die kandidate. Mnr. Buchanan was voorheen lid vir die Transkei en sal hom as hy verkies word, nie by die regering skaar nie.

# MOET EERS VRY SÊ A.P.-SEKRETARIS: NOG GEEN SETELS

**BLOEMFONTEIN. — „Alles is nie pluis tussen die H.N.P. en die A.P. in die Vrystaat nie", het mnr. Jan Liebenberg, L.V., organiserende Sekretaris van die Afrikanerparty op 'n goedbygewoonde vergadering van die Afrikanerparty in die Fichardtsaal in Bloemfontein gesê, berig ons korrespondent.**

Hy het hierdie woorde gebesig na aanleiding van die feit dat daar geen vordering tussen die twee partye gemaak kon word met die verdeling van provinsiale setels in die aanstaande provinsiale verkiesing nie. Hy het verder verklaar dat dit bes moontlik is dat die H.N.P. miskien alle setels in die vrystaat kan verower, maar hy het sterk daarop gewys dat indien die Afrikanerparty geen setels toegewys gaan word nie, dit 'n baie groot klomp kiesers gaan seer maak, wat ook sy gevolge buite die Vrystaat sal hê.

Met die Volksraadverkiesing het die A.P. ook net aangedring op een setel vir mnr. Havenga, omdat gevoel was dat mnr. Havenga in die Vrystaat 'n setel moes kry. Aanvanklik kon ook geen vordering gemaak word nie, totdat mnr. John le Roux en sy afdelingsbestuur vorentoe gekom het en Ladybrand aan mnr. Havenga aangebied het. Ek wil vanaand 'n beroep op die burgery van die Vrystaat doen om te sien dat dinge regkom. Meer as een krisis in ons volkslewe het in die hoofstad van die Vrystaat ontstaan en het verreikende nadelige gevolge gehad. Laat ons alles in ons vermoë doen om te verhoed dat daar weer so 'n krisis hier ontstaan wat die hele land sal tref."

### MINIMUM

Mnr. Liebenberg het verder daarop gewys dat die A.P. nie van die H.N.P. verwag om van sy eie vestings af te staan nie, dog die A.P. verwag net dat die H.N.P. hom sal toelaat om die tans bestaande Sap-setels van Bloemfontein en Kroonstad te beveg. Dit is 'n minimum wat ons stel, ons verwag niks meer as net 'n vriendskapsgebaar van ons bondgenote nie. In ander provinsies het ons tot 'n eerbare ooreenkoms geraak — waarom kan dit nie in die Vrystaat gebeur nie? Kan ons vriende hier nog nie die grootsheid van die samewerking tussen ons twee partye raaksien nie?

### SAMESMELTING

Daar word nou ookal reeds gepraat van samesmelting tussen die A.P. en die H.N.P., **maar voordat daar 'n huwelik kom moet daar tog eers na mekaar gevry word. Dit wil vir spreker voorkom asof die vriende in die Vrystaat geheel-en-al die kuns van vry afgeleer het, en hoe kan ons dan hoop op 'n spoedige huwelik.**

Aan die end van die vergadering is verskeie vrae gestel, waaruit duidelik geblyk het dat A.P.-ondersteuners in die Vrystaat onthuts voel oor die verloop van sake. 'n Mosie van dank in mnr. Liebenberg is eenparig aangeneem. Die federale-raadsekretaris van die H.N.P. mnr. M. P. A. Malan, en ander H.N.P.-lede was teenwoordig.

# Stellenbosch Se A.P. Gaan Funksie Hou

**Die Afrikanerparty in die kiesafdeling Stellenbosch gaan op Saterdag 27 November, 'n groot A.P.-dag hou. Dit sal plaasvind in die dennebos op die plaas van mnr. Tielman Roos, Rust-en-Vrede, ses myl uit Stellenbosch op die hoofweg na Die Strand.**

Die verrigtinge begin om 4-uur en daar sal jukskei gespeel en vleis gebraai word. Braaivleis sal die aand aan die publiek verkoop word. Na die aandete sal daar 'n toespraak gehou word deur mnr. Max Smuts, A.P.-kandidaat vir die Paarl.

Die Afrikanerparty het reeds aansienlike vordering in die kiesafdeling gemaak en dit is die eerste keer dat hulle 'n funksie gaan hou. Alle lede van die party word versoek om aanwesig te wees. Vriende en belangstellendes, veral H.N.P.-bondgenote, word vriendelik uitgenooi om teenwoordig te wees.

# BURGER-LESERS TEN GUNSTE VAN APARTE PARTYE

**Blykens reaksie in die meningskolomme van Die Burger na aanleiding van die H.N.P.-kongres se besluit dat die Afrikanerparty en H.N.P. een party moet word, is daar aansienlike steun vir die standpunt dat die twee partye nie nou moet saamsmelt nie maar as aparte partye parallel met mekaar moet beweeg omdat dit meer krag aan die nasionale regering sal verleen.**

Mnr P. L. Schietekat, Worcester skryf dat die feit dat die H.N.P. en A.P. nog nie saamgesmelt het nie vir die V.P. 'n nagmerrie moet wees „omrede mense wat nie kan sien om by die H.N.P. aan te sluit nie, nou tot die A.P. kan toetree en andersom. Engelssprekendes, draadsitters, fyngevoelige Afrikaners, selfs V.P.-ondersteuners wat die V.P.—beleid nie meer kan steun nie, het nou 'n keuse: die A.P. of die H.N.P." Met verwysing na vorige korrespondensie in die verband, gaan hy voort: „Ek kan nie anders as om met mnr. Jacobs van Kaapstad saam te stem nie dat ons twee partye moet hê."

### „VERENIGDE PARTY"

Mnr. J. M. van der Walt, Southfield, skryf: „Dadelik wil ek sê dat ek en sommer baie Nasionaliste dit eens is met mnr. P. H. Jacobs en P. L. Schietekat, dat ons baie gelukkiger en vryer voel in twee nasionaalgesinde partye as dalk die geval sal wees in 'n tweede, Verenigde Party al sou dit nou Nasionale Party genoem word. **Suid-Afrika het nie 'n verenigde nasionale party nodig nie, maar 'n verenigde nasionale bevolking.**

'n Spreker van die Afrikanerparty het gesê dat sy party die stoep is waar nasionaalgesindes mekaar ontmoet en vanwaar hulle dan saam na die nasionale huis toetree. Wat 'n pragtige gedagte.

„Nasionaliste, laat ons aan ons volksgenote in die Afrikanerparty sê hoe diep ons hulle stoepgasvryheid waardeer."

'n Ander briefskrywer in Tuine, Kaapstad, beklemtoon dat twee partye beter is as een en dat die nasionale strome langs mekaar gelei moet word **omdat ons eenheid nie in eenersheid lê nie, maar in ons strewe na dieselfde ideale.**

# DIE LOODS VAN 'N SPUITVLIEGTUIG HET SKRALE HOOP

**Na gelang die snelheid van viegtuie toeneem — en hulle bereik deesdae al maklik 600 myl per uur — duik daar nuwe probleme op waarmee die ontwerpers te kampe het. Een daarvan is om te veseker dat die loods in geval van nood veilig met sy valskerm uit die vliegtuig kom.**

As 'n loods meteens met 'n lugstroom van 500 myl per uur bots, het hy 'n skrale kans om die skok te bowe te kom, maar dit blyk dat hulle in die meeste gevalle teen die stert van die vliegtuig vasgeslinger word. Die ontwerpers het nadat hierdie moeilikheid voorgekom het, dadelik aan die werk gespring om die probleem te bowe te kom.

Die nuwe Amerikaanse vinnige vliegtuie word tans toegerus met 'n spesiale ontsnappingsapparaat. Wanneer die loods dit gerade ag om die vliegtuig weens moeilikhede te verlaat, trek hy 'n dwarspen wat die leuning van sy sitplek plat laat lê Terselfdertyd gaan daar 'n deur oop in die agterkant van die boegkajuit. 'n Endjie verder is 'n tweede deur met twee kleppe en een hiervan word hidrolies na buite geforseer sodat dit as 'n windskerm dien as die loods uitspring.

### UITSKOP

Ander spuitvliegtuie beskik oor 'n „uitskoppingsapparaat." Sodra die loods die vliegtuig wil verlaat, trek hy 'n hefboom wat hom met sitplek en al uit word in posisie gehou deur 'n klein valskerm. As die loods die vliegtuig skiet. Die sitplek na 'n paar oomblikke weer tot sy positiewe kom, gebruik hy sy eie valskerm en raak ontslae van die sitplek.

**Wanneer hierdie spuitvliegtuig sy volle snelheid bereik, sal geen loods op die gewone manier lewendig uit die vliegtuig kan kom nie. Vliegtuie soos hierdie behaal vandag snelhede van meer as 600 myl per uur.**


Hierdie twee maniere van uitspring is veilig vir vliegtuie wat 'n snelheid van 500 m.p.u. bereik maar deskundiges is dit eens dat hierdie manier van uitspring nie gebruik kan word in gevalle waar vliegtuie vinniger as dit beweeg nie. Dit word afgelei uit berekenings wat gemaak is. Wanneer 'n loods van normale grootte teen 'n snelheid van 500 myl per uur uit die vliegtuig spring, bots hy teen lugdruk van 2,813 pond. Vlie hy 600 myl per uur, is die drukking 4,051 pond.

### SOOS PAPIE

Om lewendig teen hierdie spoed uit die vliegtuig te kan kom, sal die loods soos 'n papie voorsien moet wees van 'n soort kapsule waarin hy kan kruip voordat hy uitspring. Hierdie buis kan aan die onderkant van die vliegtuig geheg word en sal deur middel van 'n hefboom vrygelaat kan word. So 'n buis sal voorsien moet wees van sy eie valskerm. 'n Ander metode wat miskien gebruik sal word, is om die buis in die stert van die vliegtuig in te bou sodat dit vandaar met sy eie valskerm kan ontsnap. Wanneer die ergste spoed gebreek is kan die loods dit waag om met sy eie valskerm hieruit te spring. Maar dit is planne wat nog uitgevoer moet word. Intussen het die loodse van spuitvliegtuie nie veel hoop op 'n lewendige landing as iets verkeerd loop nie.

# VRA VYFDE PROVINSIE

'n Beskrywingspunt waarin versoek word dat daar 'n vyfde provinsie, Oos-Kaapland, in die lewe geroep word, is verlede week ter sprake gebring op die kongres van die Vereniging van Openbare Liggame op Alice. Daar is verklaar dat die skepping van 'n vyfde provinsie geregverdig is weens die bevolking en inkomste van Oos-Kaapland.




**G.A. FICHARDT Bpk.**
**HANDELAARS**
BLOEMFONTEIN


**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Bpk.
MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown

**WAPENS EN AMMUNISIE**
van alle soorte
Groot voorraad .22-Gewere
★
**Manie de Villiers,**
Plaza-Toiletsalon,
Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161
28/8/TK

**VERVOERDIENS**
*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*
**J. A. STRAUSS**
Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

**RADIOTRONICS**
(A. Perold en P. Brink)
Vir herstel en koop van ELEKTRIESE APPARAAT
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

**Is Medisyne Noodsaaklik?**
*Die Natuurwetenskap sê nee!*



**Die Bron van Siekte**
BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!
**Die Hardnekkigste Kwale swig**
Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.
Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal
**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
Posbus 1336 — KAAPSTAD

**BRILLE**
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

DIE O.B., WOENSDAG, 17 NOVEMBER 1948

# Naturelle En Die Senaat

Die uitslag van die verkiesing van naturelleverteenwoordigers vir die senaat was natuurlik nie anders as wat verwag kon word nie. Die kandidate wat die regering se beleid ondersteun, het 'n groot nederlaag gely. **Hoe dit anders kon geskied het wanneer die reuse-deel van die pers in die land die regering se kleurbeleid as onderdrukking voortower en onverantwoordelike kommunistiese en partypolitieke agitators besig was met 'n onbeperkte veldtog van verdagmaking teen die witman in die algemeen en die Afrikanerbewind in besonder, is moeilik te besien.** Wanneer daarby in gedagte gehou word dat hierdie verkiesing nog boonop plaasgevind het tydens 'n openbare politiekery oor die afskaffing van juis daardie verteenwoordiging in die senaat waarvoor die verkiesing gehou word, dan was die uitslag eintlik maar 'n logiese feit.

Ons vrees egter dat hierdie uitslag verreikende gevolge mag hê vir toekomstige verhoudings tussen wit en swart — en daarom skenk ons in hierdie kolomme aandag daaraan. Die regering staan voor die moeilikheid dat sy meerderheid in die senaat — die grootste stuk oorbodigheid in ons openbare lewe — deur die verkiesing uitgewis is en dat wetgewing by hierdie liggaam, met 'n politikus soos V.P.-leier A. M. Conroy daarin, moeilik verby sal kom. Die regering kan dus in die versoeking gestel word om die skynbaar maklikste pad te volg van afskaffing van die naturelleverteenwoordiging met 'n gewone meerderheid.

**ONS STANDPUNT**

Die O.B. staan vir 'n beleid van rasseskeiding; hy glo dat die naturel geleentheid gegee moet word om afsonderlik en langs die blanke te ontplooi, en dat as hierdie ontplooiing gekeer word — hoe ook al — dit die blanke beskawing in Afrika net so nadelig sal tref as wanneer aan die naturelle volle politieke regte verleen sou word. **Ons is dus in beginsel teen naturelleverteenwoordiging in die blanke landsbestuur. Maar waar dit nog bestaan as 'n toegewing vir afgenome politieke regte in die proses wat deur genl. Hertzog begin is om die Britse liberalistiese beleid ongedaan te maak, is dit ons oortuiging dat die eensydige afskaffing hiervan sonder teenprestasie so 'n skok vir die blanke prestige sal wees — veral waar dit nog boonop as sodanig beklemtoon sal word deur onverantwoordelike partypolitiekery — dat die kool die sous nie werd sal wees as ons in terme van die nageslag begin dink nie.** Die verstandige man probeer verset inruil vir vriendskap. Die dwaas sal probeer om die verset met geweld te „breek" — **waarmee hy dit eintlik net terugskuif solank hy sterker is en bly.** Die Britse imperialisme het die dwase beleid gevolg teen die Afrikaner tot aan die einde van die vorige eeu. **Na 'n halfeeu ondervind hy nog die lewenskragtigheid van Afrikanerverset. Sedertdien het hy die beleid van wysheid gevolg deur verset in te ruil vir vriendskap, en nog net hierdie beleid hou die Empire vandag aanmekaar.**

**PAUL KRUGER**

Maar dit was ook die beleid van ons eie Paul Kruger. Toe voorbereidsels getref is om 'n spelonk op te blaas waarin die weerbarstige naturelle-opstandelinge geskuil het, het Oom Paul op gevaar van sy eie lewe eers die grot binnegegaan om te probeer verhoed dat die pad oor 'n skavot gaan waar die gras nooit weer op groei nie. **En hierdie daad het soveel vertroue en agting by die naturelle ingeboesem dat in tye van moeilikhede met die naturelle, die oproep van hulle kant aan die regering altyd was: „Stuur vir Baas Paul!"**

Afgesien van hierdie oortuiging wat ons huldig, is daar nog die gevaar waarop ons voorheen ook gewys het. As eers die voorbeeld gestel word om aan die kiesreg met gewone partymeerderhede te torring, word 'n weg gebaan wat binne die parlementêre raamwerk, met sy nimmereindigende wisselinggang van die regering en opposisie, uiteindelik op 'n eenparty-diktatuur te staan sal kom onder demokratiese vlag. **Met die geweldige nie-blanke stemme-reserwe kan 'n politieke party op onafrikaanse grondslag sy posisie onaanvegbaar maak, en dit sal 'n kwaaie dag wees as die voorbeeld van nasionale kant eerste gestel word.**

Die minderheid in die senaat is 'n saak waarvoor ons onsself tot 'n groot mate moet blameer. Met 'n hartlike samewerking, soos wat die Ossewabrandwag bepleit het en wat gelukkig wel in die meerderheid kiesafdelings plaasgevind het, kon die regeringsmeerderheid so groot gewees het dat die senaat ook verower kon geword het. **'n Hele paar setels waar ooreenkomste nie gesluit is nie, is met geringe meerderhede verloor, en slegs een setel in Transvaal meer sou 'n ekstra senator vir die regering beteken het.**

Daarom pleit ons met soveel meer reg dat die groot vraagstuk van naturellebeleid — **'n saak wat hoofsaaklik die nageslag raak** — aangepak moet word nie op 'n eng partygrondslag nie, maar op 'n breë basis van volksamewerking. **Die eerste stap in dié verband moet nie wees om 'n partymeerderheid moontlik te maak deur 'n daad wat die nageslag sal ontgeld wanneer „Sap" en „Nat" miskien nie meer sal bestaan nie, maar deur die vraagstuk uit te lig uit die partypolitieke arena en dit op die skouers en gewete van die volk te plaas.**

# Oorwinnaars Pleeg „Reg" In Ooste

Vyf - en - twintig Japanse leiers is verlede week deur 'n Internasionale Militêre hof gevonnis op aanklagte van dade wat hulle gedurende die oorlog gepleeg het. Sewe leiers is tot die dood veroordeel weens „Sameswering om agressie te pleeg" en sal opgehang word, terwyl 15 tot lewenslange tronkstraf gevonnis is en die res verskillende tydperke moet uitdien.

Onder die tot die dood veroordeeldes is genl. Hideki Tojo, wat eerste minister was toe Japan tot die oorlog toegetree het. Die hof het bevind dat hy verantwoordelik was vir die beplanning van die oorlog. Drie van die regters het nie op al die punte van skuldigbevinding saamgestem nie.

Die Indiese regter het gesê dat hy geen rede kon vind om die goeie trou van genl. Tojo en ander beskuldigdes in twyfel te trek as hulle hul dade beskou het as noodsaaklik vir die beskerming van hul ras nie.



Generale C. Meyer, Hoofvrou van Gebied C., het 'n ernstige operasie in die nasionale hospitaal in Bloemfontein ondergaan. Sy maak reeds baie goeie vordering en verwag om eersdaags die hospitaal te verlaat.

Vroue van Gebied C. wil graag hulle meegevoel betuig met haar in hierdie oomblik van beproewing en die vertroue uitspreek dat sy geheel-en-al sal herstel sodat sy weer haar onmisbare plek as leidster van Vrystaatse vroue kan inneem.

# Berlynwolk Het 'n Silwer Rand

**Die Westerse moondhede is tans besig om duur te betaal vir hul kortsigtige en kranksinnige beleid soos uitgevoer deur Winston Churchill en Franklin Roosevelt wat Europa uitgelewer het aan Josef Stalin. Dit was hierdie maand reeds meer as 100 dae dat Amerika en Brittanje desperate pogings aanwend om die Duitsers in Berlyn deur middel van vliegtuig vervoer aan die lewe te hou en sodoende te verhoed dat hulle 'n groot politieke en strategiese nederlaag in Europa ly. Vir hierdie toertjie moes hulle tot dusver nagenoeg £10,000,000 betaal waarvan Brittanje twee-vyfdes dra en Amerika die res.**

**Die daaglikse vervoer kos die twee moondhede sowat £100,000. Dit bring byvoorbeeld die koste van steenkool op £33 per ton te staan. Oorspronklik is daar slegs 400 ton daagliks vervoer maar dit het stadig aangegroei totdat dit nou reeds op 4,500 ton per dag staan en daar is reeds aangekondig dat die hoeveelheid hierdie winter met 1000 ton daagliks vermeerder sal word. Die Duitsers betaal net die waarde van die voorrade plus gewone spoorvrag — die verskil moet die Geallieerdes betaal.**

Hierdie vernederende beslommernis en onkoste ten einde hul posisie teenoor 'n eertydse „kameraad" te handhaaf, kon die Weste gespaar gewees het as Amerika sedert sy onderhandelings met Rusland nie gedurig toegegee het sonder om iets in ruil daarvoor te vra nie. Hierdie beleid is deur Roosevelt persoonlik neergelê soos blyk uit die geskrifte van Amerikaanse diplomate wat hierby betrokke was. **Roosevelt het gemeen dat hy deur toegewings aan Stalin, en deur propaganda in Amerika, wat bedoel was om Rusland rooskleurig voor te stel, Stalin kon bekeer tot die Christelike en demokratiese lewenswyse, volgens mededelings van William C. Bullitt, voormalige Amerikaanse gesant in Rusland, wat die President gewaarsku het dat hy nie met 'n beskaafde edelman te doen het nie, maar met 'n „Koukasiese bandiet" wat in elke toegewing 'n swakheid sien en daarom meer sal eis.**

**LIGPUNT**

Daar is egter dié ligpunt dat Westerse waarnemers meen dat Amerika en Brittanje besig is om die ronde in Berlyn teen Rusland te wen en dat die skoot wat Rusland op die Weste afgevuur het, besig is om homself te tref. Nie alleen het Rusland in die oë van die wêreld in prestige gedaal nie, maar die Duitsers wat geneig was om pro-Russies te swaai, sou tans hul rug op Rusland draai, word verklaar. Die terugslag wat die Kommuniste in die onlangse verkiesings ontvang het, word as voorbeeld hiervan aangehaal. In die Ruhr-verkiesings het die Kommuniste slegs sewe persent stemme op hulle verenig in plaas van die veertien persent soos voorheen en in die Schleswig-Holstein-verkiesing het hulle geheel en al verdwyn. Daarom skyn daar 'n mening by die Westerse moondhede pos te vat dat as die Berlynse blokkade nog 'n tyd lank moet voortduur, alle simpatie met Rusland kan verdwyn en die groot onkoste wat die lugvervoer meebring, tot 'n geringe mate kan vergoed vir die kwaad wat Angelsaksiese leiers die wêreld aangedoen het.

## Genl. J. H. Gouws

**Genl J. H. Gouws van Groblershoop wat onlangs in 'n vliegtuigongeluk betrokke was, verkeer tans nog in die hospitaal te Upington. Ons korrespondent berig dat hoewel sy toestand as gevolg van rugbeserings baie ernstig is, daar 'n groot moontlikheid vir herstel is. Na verwag word sal hy die hospitaal nie binne twee maande kan verlaat nie.**

# SMUTS VERDWERG IN PARTYSKAP

**Veldm. J. C. Smuts wat sedert hy in die algemene verkiesing verslaan is verskeie afbrekende en onverantwoordelike toesprake oor die toekoms van Suid-Afrika afgesteek het, is die afgelope week deur sy eie pers oor die kole gehaal na aanleiding van soortgelyke uitlatings tydens die V.P.-kongres op Johannesburg. Tot watter mate hy Suid-Afrika deur hierdie optrede skade berokken, is die afgelope week duidelik bewys toe die Indiese afgevaardigde op die V.V.O. sy woorde aangehaal het om Suid-Afrika oor Suidwes aan te val.**

Die Natal Witness verklaar na aanleiding van genl. Smuts se toespraak in Johannesburg, dat hy diep teleurgestel is daarmee, en spreek die hoop uit dat genl. Smuts nie so verhard het dat hy sy reputasie as internasionale staatsman met onverskilligheid bejeën nie. **Dit is veldm. Smuts se plig om opbouend te wees en op 'n verhewe peil te beweeg.** „Daar is niks makliker as om afbrekend te wees nie en hoewel afbrekende kritiek van gewone politici verdra kan word, word iets opbouends van genl. Smuts verwag en sal dit te alle tye geëis word," skryf die blad. Sy toespraak moet „die oorsese mening oor Suid-Afrika benadeel en depressie verhaas" verklaar die blad. So 'n toespraak sal ook welwillende V.P.-lede vervreem.

In Parys het mnr. Eric Louw hom verplig gevoel om hom uit te spreek oor die skade wat die uitlatings van genl. Smuts (hierdie keer op Pietermaritzburg) aan die Suid-Afrikaanse saak op die V.V.O. berokken het. Die Indiëse afgevaardigde,

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

mev. Pandit, was baie verheug om in 'n posisie te wees om die vorige Eerste Minister se woorde aan te haal en te gebruik in die aanval op Suid-Afrika, het mnr. Louw gesê. „Die ironie daarvan is dat veldm. Smuts op dieselfde tyd gepraat het toe ek Suid-Afrika se saak voor die Voogdykomitee gelê het en toe ek in werklikheid met goedkeuring van sy eie vorige verklaring in San Francisco aangehaal het."

**GROOT A.P.-DAG**

**27 November, vanaf 4 nm.**

By mnr. T. C. (Tielman) Roos in die dennebos.

Spreker: **Mnr. Max Smuts,** A.P.-kandidaat, Paarl.

Allerhande soorte Boeresport, braaivleis en verskeie smaaklike geregte sal op die terrein verkoop word.

**Kom seker en ondersteun die saak van Afrikaner-eenheid.**

**O.B.-DAG**

**ROBERTSON, 27 NOVEMBER**

**Om 5 nm.: Basaar.**

***Spreker: Genl. : M. F. Smith.***

**Om 8 nm.: Vergadering.**

***Spreker: A.K.G. Smith***

**Omliggende kommando's; Vriende en Belangstellendes word vriendelik uitgenooi.**

# POLITIEKE WRAAK IN NEDERLANDE

**„Gereelde Leser", Kaapstad, skryf:** Baie van ons het seker met belangstelling u berig oor die politieke vervolgings en teregstellings in Holland en België in die O.B. van 3 deser gelees. Ek was diep geskok om te verneem dat die wraak teen diegene wat „die kommunisme met behulp van die nasionaal-sosialisme beveg het", meer as drie jaar na die oorlog nog hoogty vier. Dit lyk of hierdie wraaksug nog net deur die Sowjet en sy onderdanige state oortref word.

Kan ons dan nie iets vir daardie Nederlanders doen nie? Baie van die vervolgdes is seker idealiste en hulle en veral hulle kinders, wat tog nie skuld aan die oorlog het nie, sal goeie burgers van ons land kan word. Daar kom tans honderde immigrante uit Holland ons land binne. Kan die Regering nie ook 'n kans aan hierdie mense gee dat tenminste hulle kinders darem 'n nuwe toekoms hier by ons tegemoet kan gaan nie?

---

**Beperkings op die oordrag van geld vir noodleniging en liefdadigheid na nie-sterlinglande, is deur die regering aangekondig. Dit geskied na aanleiding van die vermindering van die Unie se goudvoorraad.**

---

# A.P. Moet Bly

**Mnr. P. C. J. Pelser, Derdestraat, Melville, Johannesburg, skryf:** Ofals volgens persverslae sien ons voorstelle van eenwording tussen die twee regerende partye. Ek is oortuig daarvan dat die leiers van die A.P. genoeg ondervinding van die verlede het om hul nie aan hul neuse te laat lei nie.

Sodra die partye een word, nou ja, dan is die tyd weer ryp vir die sogenaamde stalskoonmaak. So'n uitlating is reeds deur 'n minister kort na die verkiesing gedoen. In die verlede het die beleid hierop neergekom dat die perde uit die stal gelaat was maar voor die laaste verkiesing moes die perde terug gebring word stal-toe om groter krag by te sit.

Daarom is dit gebiedend noodsaaklik vir die Afrikanerparty om te bly voortbestaan. Die voortbestaan van die Afrikanervolk vereis dit.

---

# ,KYK HOE VINNIG DRAAI DIE WIEL!' SÊ V.P.-BLAD

**Die gevoelige nederlaag wat die Amerikaanse Republikeinse Party in die afgelope verkiesing gely het ná sy indrukwekkende oorwinning twee jaar gelede word in Die Suiderstem aan sy lesers voorgehou as 'n aanduiding van die kortstondigheid van party-oorwinnings en die moontlikheid van 'n vroeë wenteling van die parlementêre wiel ook in Suid-Afrika ten gunste van die Verenigde Party.**

**Na aanleiding van die Demokratiese oorwinning in die Kongres, lui dit:**

„Die verkiesing vind elke twee jaar plaas. Hierdie is die uitslae van die afgelope drie verkiesings:—

| | Demokrate | Republikeine |
|---|---|---|
| 1944 | 243 | 190 |
| 1946 | 188 | 246 |
| 1948 | 261 | 168 |
| | | (vyf uitstaande) |

„In 1944 was die oorlogsregering van President Roosevelt aan die roer van sake. Die V.S.A. het hom en sy leiding vertrou en hom 'n groot meerderheid gegee. In 1946 het die Amerikaanse kiesers al 'n bietjie moeg geword vir dieselfde ou gesigte in die kongres en vir die voortduur van die oorlogsbeperkings. Hulle het teen president Roosevelt en pres. Truman se Demokratiese Party gestem, en vir die Republikeinse Party 'n meerderheid in die Kongres gegee. Daar was nie in 1946 'n presidentsverkiesing nie, maar as daar toe een was sou pres. Truman in alle waarskynlikheid uitgeval het.

„In 1948 het die Amerikaanse kieser twee jaar ondervinding van 'n Republikeinse kongres gehad. Hulle het gesien hoedat aan die regte van die werkers getorring word en hulle het gesien hoedat lewenskoste gestyg het. Die gevolg was 'n algehele verwerping van die Republikeinse Party en 'n groot oorwinning vir die Demokratiese party in die Kongres.

SUID-AFRIKA

„Pas hierdie feite nou toe op Suid-Afrika. In 1943 het die oorlogsregering, die Verenigde Party, gewen.

„In 1948 het die Suid-Afrikaanse kieser al 'n bietjie moeg geword vir dieselfde ou gesigte in die Volksraad en vir die voortduur van die oorlogsbeperkings. Hulle het vir dr. Malan en sy regering in die kussings gesit.

**„En in 1949, of 1950 of 1953 wanneer ons weer 'n algemene verkiesing kry? Is daar nie 'n groot moontlikheid dat die beleid van hierdie regering die kiesers so onrustig gaan maak, nes die kiesers van Amerika onrustig geword het, dat hulle weer die Verenigde Party herkies nie?" vra die blad.**

Die vraag wat Die O.B. stel, is: **Kan nasionale Suid-Afrika dit waag om met hierdie politieke mallemeule aan te hou speel wanneer die draai van die wiel ook onderploeging van die Afrikaner beteken?** En hoe kan die draai van die wiel belet word anders as deur 'n algehele vervanging van die Britse stelsel deur 'n eg Afrikaanse volkseenheidstaat soos in die Boererepublieke bestaan het?

---

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

# PAPIERE VERBRAND

**Mnr. J. A. Landman, Pongola, oor Vryheid, skryf:** Ek was Vrydag 28 Mei, twee dae ná die algemene verkiesing, ooggetuie by die Uniegebou Pretoria waar sakke vol dokumente uit die kantore verwyder is om vernietig te word. Van die werksmense daar het gebukkend om die hoeke verdwyn met streepsakke vol papiere op hulle rug.

Dit het natuurlik sommer baie maklik gegaan want onder die Britse „demokratiese regeringstelsel" kon die vyandiggesinde amptenare saam met die ministers ná die val van die regering koning kraai op hul kantore totdat die ander party dit oorgeneem het. Onder die leiding van die O.B. kon dit heeltemal 'n ander storie gewees het, want daar sou na die verkiesing in elke kantoor manne deskikbaar gewees het om toe te sien dat geen dokumente of papiere uit die kantore verwyder word nie.

Die bordjies kon heeltemal verhang gewees het wat die dokumente oor die politieke gevangenis en geïnterneerdes betref. Dit is die plig van die nuwe regering om al die oorgeblewe te openbaar sodat dit nie vir propagandadoeleindes aangewend word nie.

En nou die kwessie van maak van petrol uit steenkool. Waarom dit aan 'n privaat onderneming toegesê en het dit nie 'n staatsonderneming geword nie, sodat Suid-Afrika genoeg petrol kan hê? Dit moes deel geword het van die land se verdediging, want kan die voormanne nie sien wat daar in die wêreld aan die broei is nie?

---

## *Vergoeding Wat Verlang Word*

**J. Theron, Suid-Afrikaanse Spoorweë, Koffiefontein, skryf:** Onlangs het ek van 'n vriend 'n uitknipsel uit „Die Volksblad" ontvang, daarin lees ek van die grootmoedige plan van ons Eerste Minister om spoorwegamptenare te vergoed vir skade en ongerief gely as gevolg van vervolging onder die vorige Regering. Aangesien ons gesin met reg kan aanspraak maak op so'n vergoeding wil ek net graag weet: In watter vorm gaan dit geskied? Dr. Malan is 'n egte Afrikaner en ek glo stellig hy meet nie hier met mate van £ s d nie, só swak ken hy nie sy eie volk nie, daarvan voel ek baie seker.

Hy sal wel weet dat geld of goed van wtter hoeveelheid ook al, nie kan opweeg teen sulke ellende, lyding, smart en pyn nie. God alleen kan dit meet.

Veeleer verwelkom ons 'n herstel in die verbreking van ons volk, daardie deel wat hy persoonlik nog terughou van algehele samewerking. En daarmee hang seker saam dat sulke uitlatings soos dié te Klawer mooi verduidelik moet word, veral nou dit moontlik is dat hy ná sy oorwinning oor 'n vyandiggesinde Empaaier-Regering, nou gebruik maak van getuienis uit dokumente wat opgestel is deur 'n Regering wat hy

(Vervolg in kolom 5)

# ,MOOISTE JAARBOEK' SÊ DRUKKER

**Die Ossewabrandwag-jaarboek is weer beskikbaar. Na Die O.B. verneem is dit 'n pragwerk met 'n groot verskeidenheid leesstof en foto's. „Dit is ongetwyfeld een van die mooiste jaarboeke wat ek nog gedruk het," het die bestuurder van die drukkery wat vir die werk verantwoordelik is, in dié verband opgemerk.**

**Die jaarboek, wat onder redaksie van prof. H. M. van der Westhuysen, Pretoria, staan, volg in die voetspore van vorige puik uitgawes van Gebied F, en is die eerste Uniale uitgawe. Dit beslaan 96 bladsye waarvan 28 net vol foto's is. Die prys is 2/6 en bestellings kan geplaas word van die Sentrale Hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria.**

---

# HOLLANDSE VRIEND

**Kapt. Henri Slegtkamp D.T.D., Voortrekkerstraat, Middelburg, Tvl, skryf:** Met betrekking tot u artikel „Danie Theron en Hindon" (Die O.B. 3 November), wil ek u graag die volgende meedeel. Die insender van die stuk is 'n korrespondent van my wie se naam ek nou ook nie bekend sal maak nie. Daar is miskien 'n rede voor. Hierdie vriend is 'n Hollander met sulke sterk Afrikaanse gevoelens dat menige Afrikaner sy hoed vir hom in die oë sal moet trek. Hy besit sowat 130 Afrikaanse, Hollandse en Engelse boeke — alles oor die Engelse oorlog. Hy stel baie belang in Suid-Afrika en ek moet gedurig van sy vrae beantwoord. Ook stuur ek hom gereeld die O.B. wat by al sy vriende en kennisse die ronde doen. Holland is verpes deur Engelse propaganda oor Suid-Afrika en veral oor die O.B. So erg is die Britse invloed in Holland dat 'n skrywe oor die O.B. wat ek aan die Nuwe Rotterdammer gerig het, nie geplaas is nie.

---

As gevolg van die ontwikkeling van 'n nuwe apparaat, wat 'n transitor genoem word en die gewone radiolampies sal vervang, sal daar in die toekoms waarskynlik radiotoestelle so groot soos armhorlosies vervaardig word.

Die transitor sal volgens 'n natuurkundige ook gebruik kan word om die klanksterkte in telefoons te vermeerder.

---

(Vervolg van kolom 3)

hand en tand beveg het teneinde die volk te red?

Ons glo dat so'n verantwoordelike leier van die volk sy woorde goed oorweeg eer en al hy uitlatings maak. My beskeie opinie volgens waarneming is dat sy volgelinge pragtige verwagtings van hom koester en hulle oë is op hom gevestig. Sy posisie verg dus versigtigheid.



**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## SILWERHUWELIK

**VAN ROOYEN—OLWAGEN**: Getroud te Cradock 12 November 1943 deur ds. Roux, hoofkomdt. Roelof van Rooyen met komdte. Maryna Olwagen — Christiaan de Wet-Kommando.
17/11/1

## PERSOONLIK

Bejaarde blanke man, sober pensioenaris wil graag 'n klein plekkie met twee vertrekke huur op 'n plaas of stil dorpie in enige deel van die Unie. Gewillig om verantwoordelikheid te dra in afwesigheid ven eienaar. Uitstekende getuigskrifte. Skryf aan Pensioenaris, Posbus 1411, Kaapstad.
17/11/2

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

## GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

**MEUBELS.** — Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.— **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock.
12/11/TK

## MEDISYNE

**ANTIGRY** kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. — Die Boervrou, Posbus 7559, Johannesburg. 27/10/Nr. (2)

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755.
15/9/48

## SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164.
13/10/12

## TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**BOERBOELHONDJIES** so kwaai as nodig. Almal vaal met wit vlekke. Reuntjies £3 3s, tefies £2 2s of £4 10s die paar. V.o.s. Afrikaskop. J. B. Rabie, Kestell, O.V.S. 17/11/2B

Plaas te koop 12 myl van Willowmore 3,256 morg groot, verdeel in sewe kampe. Elke kamp het water — 9 windpompe op plaas, groot woonhuis en buitegeboue. £2 5s. 0d. per morg.
Navraag: I. M. Verwey, Poukop, Aberdeen. 10/11/2

**PLAASGEREEDSKAP..** — . Een Rusten Hornsby Diesel enjin 10x15 P.K. In baie goeie toestand. £150.
Een John Deere enjin paraffien 12 P.K. £120. Hierdie enjin is feitlik nuut. Navraag: I. M. Verwey. Poukop, Aberdeen. 10/11/2

**SOUT:** .Brandwagte daar my man blind is en om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Ek laai bestellings dadelik as weersomstandighede dit toelaat. Kom aan Brandwagte sit skouer aan die wiel en help u mede-Afrikaner. A I 80/- sneeuwit, no. I 70/- wit, no. 2 60/- per ton. Sneeuwit botter sout 6/- per 100 pond. Vry gelaai. Soutwerke adres: Komdte. Mevr. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
17/11/x8.T.K.

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

**Vars Gesertifiseerde Groentesaad.** — Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet almal teen 7/6 lb., Southern Cross en Spitskop Koolsaad 15/- lb., Beauty en Marglobe Tamatie 30/- lb., 9/- ¼ lb., Marwel 19/6 lb., 6/-¼ lb. Alle soorte uiesaad kan bespreek word vir volgende seisoen. Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn. 10/11/T.K.


# Hoe Buiteland Ons Sien

Die buitewêreld het 'n geweldige wanindruk van Suid-Afrika en daar sal veel gedoen moet word om hierdie wanindrukke te verwyder. Dit is die mening van die twee volksraadslede, mnr. J. H. Viljoen en kapt. G. H. F. Strydom, en senator D. T. du Toit Viljoen nadat hulle die afgelope week uit Europa teruggekeer het.

Die Hollanders se dunk van die regering is swak. „Hulle dink ons is Nazis", het sen. Viljoen verklaar.

Die Suid-Afrikaanse afvaardiging het verskillende Europese lande besoek. Die Duitsers lyk moedeloos, maar werk weer baie hard om bo water te kom, en het 'n sterk begeerte om by die Weste in te skakel.

# Nuwe Blaaie

Presies sewe jaar nadat Die Kruithoring, „strydblad" van die H.N.P., in die lewe geroep is, het die vorige redakteur van genoemde blad, mnr. E. G. Malan, 'n soortgelyke blad vir die Verenigde Party hierdie maand, begin. Dit word in dieselfde trant geskryf as dié van Die Kruithoring en bestaan, soos die redakteur self toegee, geheel en al uit partypolitieke propaganda, en wel propaganda wat bereken is om skade aan te rig. Die blad dien as byvoegsel tot „'n groot aantal koerante in die Unie", sodat die politieke gif as 't ware met kwistige hand gestrooi sal word.

Intussen, berei Verenigde Party-belange die verskyning vroeg aanstaande maand, voor van 'n nuwe dagblad onder 'n onafhanklike vaandel in Johannesburg. Die vernaamste belange by die uitgee daarvan is die Engelse oggendblaaie, maar die taal van die blad sal Afrikaans wees. Na verneem word sal een van die hoggeplaaste redaksielede daarvan mnr. W. du Plessis wees. Hy was die eerste redakteur van Die Kruithoring.

# KERSWENSE IN DIE O.B.

Ons wil ons lesers daaraan herinner dat Die O.B. in sy uitgawes van 15 en 22 Desember weer kolomme sal inrig vir Kers- en Nuwejaarswense, soos in die verlede. Vir die gerief van ons lesers bied ons 'n spesiale tarief van 2/6 per gelukwensing aan, wat saam met die bewoording aan Posbus 1411, Kaapstad, gestuur moet word, sodat dit ons nie later nie as die Saterdag voor publikasie bereik. U kan ook meld in watter uitgawe u dit geplaas wil hê. Gelukwensings wat ons te laat vir die 15e bereik, sal op 22 Desember verskyn.

# Klag Oor Promosie Van Eentaliges

Die Cape Times kla dat 47 junior amptenare in die spoorwegdiens bevorder is ten koste van senior amptenare wat beter kwalifikasies het. Sommige van hulle sou eentalig wees, word verklaar. Maar meeste mense sal twyfel of daar Afrikaanse eentaliges in enige klerklike afdeling van die Spoorweë gevind kan word — tensy die blad Engelseentaliges bedoel.

# AAN O.B.-LEDE

**Met die toenemende besef by u vriende dat Suid-Afrika nie kan bekostig dat alles wat die regering opbou deur 'n onverantwoordelike opposisie afgebreek word nie, begin hulle meer vatbaar te word vir die oortuiging dat die Britse parlementêre stelsel nie juis die beste vorm van demokrasie is nie, en dat na 'n suiwerder stelsel van volksregering uitgesien sal moet word indien ons volk wil voortbestaan.**

**Om hierdie gedagte te konsolideer is dit nodig dat sulke vriende inteken op ons blad. U kan nader aan u verwesenliking van ideale kom deur u vriende te vra om die vorm elders in hierdie uitgawe in te vul en 'n gereelde leser van ons blad te word.**

# Besinning Na Drie Jaar

Voorstelle dat die Duitse skeepsbounywerheid weer opgeknap moet word sodat Duitsland skepe kan bou vir buitelandse kopers, word tans in Washington oorweeg. Indien die voorstel goedgekeur word sal dit beteken dat Duitsland se betalingsbalans verbeter en dat die tekort aan skepe verminder kan word, aldus 'n berig uit Amerika. Duitsland sal egter nie self die skepe mag hou nie.

**Die skeepsbounywerheid was een van die nywerhede wat deur die Potsdamse ooreenkoms tussen die Geallieerdes en Rusland geheel en al stop gesit is ten einde Duitsland op die nywerheidspeil van 1933 te bring — toe eenderde van die Duitse arbeiders werkloos was in die groot depressie van daardie tyd. Na drie jaar het daar nou 'n bietjie lig deurgedring na die verhitte brein van diegene wat vir sekere vier vryhede geveg het.**

# VELDTOG IN V.S.A. TEEN „COMICS'

**Vyftig Amerikaanse stede het tans die stryd aangebind teen die berugte „comics" na aanleiding van berigte in die pers dat hierdie blaadjies verantwoordelik is vir die toenemende jeugmisdaad in Amerika waaroor opvoedkundiges besonder verontrus voel. In Los Angeles by voorbeeld mag hierdie boeke waarin moord en doodslag aan die orde van die dag is, nie aan kinders onder 18 jaar verkoop word nie.**

As gevolg van hierdie optrede van Amerikaanse stede het die Vereniging van Prentboeke, wat self ten gunste daarvan is dat moord en sodanige voorstellings uit die boeke geweer word, tog besluit om 'n toetssaak te open ten einde die stede te verplig om hul prentboeke te laat sirkuleer. Hulle gaan veral hul saak baseer op die Amerikaanse grondwet wat voorsiening maak vir die vryheid van die pers.

Sapa-Reuter berig dat daar gevalle in Amerika gerapporteer is waar kinders hul maats na-kend aan bome vasgemaak en hulle voete met vuurhoutjies gebrand het — presies soos daar in die prentverhale opgetree word. Onlangs is daar in Suid-Afrika ook gevalle in die pers gerapporteer waar skoolseuns ernstige misdade gepleeg het na die voorbeeld van „helde" in die prenteboeke.

**Onder die invoerbeheer-maatreëls van die regering, word die invoer van hierdie boeke voortaan in Suid-Afrika verbied. Daar kan slegs gehoop word dat dit 'n blywende maatreël sal word.**

# Die Week In Oënskou

Veranderings en nuwe aanstellings in die Verdedigingsmag is deur die regering aangekondig. Genl.-majoor Len Beyers sal as hoof van die Generale Staf aangestel word as genl.-maj. Pierre van Ryneveld aanstaande jaar aftree. Brig. C. L. de W. du Toit, tans bevelvoerende offisier van die Potchefstroomse militêre kamp, sal aangestel word as Direkteur-generaal van die Landmag. Dit is 'n nuwe pos. Kol. R. H. Preller, wat derde in bevel van die lugmag was met die uitbreek van die oorlog, is belas met die toesig oor die landswye rekruteringsveldtog vir die lugmag.

Die Engelse pers het die aanstellings oor die algemeen verwelkom.

* * *

**400 IMMIGRANTE** afkomstig uit veertien lande het in Durban aangekom. Onder hulle is Pole, Grieke, Italianers, Oostenrykers, Franse en Duitsers.

* * *

**VYF STATEBONDSLANDE** het formeel reëlings getref om jaarliks vir 'n minimumbedrag van £55,000,000 met Japan handel te dryf. Suid-Afrika is ook hierby betrokke. Die Japanse uitvoer sal hoofsaaklik uit katoengoedere bestaan.

* * *

**DIE HOOGGEREGSHOF HET BESLIS** dat die kommissie wat deur die regering aangestel is om die sake van die Klerewerkersvakbond te ondersoek, met sy werk mag voortgaan op grond dat dit in die openbare belang is. Die vakbond moet die koste van die geding betaal.

Nadat minister Schoeman onlangs die kommissie aangestel het, het die vakbond 'n hofbevel gevra, om die ondersoek te belet.

* * *

**TOT TYD EN WYL** die Palestynse vraagstuk definitief besleg is kan die dejure-erkenning van die staat Israel nie in vooruitsig gestel word nie, volgens 'n verklaring wat deur die Eerste Minister uitgereik is. Hy het gesê dat die Unie nie kant kies nie.

* * *

**'N AMERIKAANSE VROU,** mev. Z. Sackler, wat 248 pd. weeg het die lewe geskenk aan 'n seun wat 17½ pd. weeg. Die geneesheer wat by die geboorte aanwesig was, verklaar dat die kind in elke opsig normaal is.

# Heengaan Van Oom Izak Pond

Dit is met diepe leedwese dat ons hier melding maak van die skielike afsterwe van Oom Izak van der Merwe (Pond) na 'n korte lyding van minder as 24 uur in die hoë ouderdom van 78 jaar.

Sy heengaan was voorwaar 'n skok vir die gemeenskap, dog veral vir die kommando van die Ossewabrandwag waarvan hy 'n getroue lid en ondersteuner was. Nooit het hy 'n vergadering of funksie gemis nie en het altoos 'n ope hart en beurs vir die saak gehad. Weens hierdie getrouheid sal hy in ons geledere gemis word en nooit vergeet word nie. Oom Izak Pond is op sy plaas Bloksynkolk ter aarde bestel, alwaar ds. Brink van Brandvlei 'n kragtige woord van troos tot die bedroefde agterblywendes gespreek het.

Die stoet wat hom grafwaarts gevolg het, getuig van die hoë agting en vriendskap van almal wat hom geken het.

Hiermee lê ons dan 'n kransie op sy graf en betuig ons innige meegevoel met sy agterblywende weduwee en kinders.

Namens die O.B.-kommando Brandvlei.

J. L. SCHOLTZ,
(Kommandant).

# Antwoorde op „Wie Kan Sê?"

1. Bosveldtonele.
2. 62.
3. Sy vader was 'n Hollandse boumeester maar hy is te Pretoria gebore waar hy vandag nog woon.
4. Hy was een van die pioneers op die gebied van die Suid-Afrikaanse skilderkuns en was ook die eerste amptelike oorlogskunstenaar in die land
5. Die sterk geometriese motief daarvan.
6. Dis 'n tipies Transvaalse toneel met 'n groot koolboom op die voorgrond..
7. Irma Stern.
8. Hy is 'n besonder begaafde beeldhouer wat aanvanklik geen waardering vir sy werk in Suid-Afrika ontvang het nie en dus 'n groot deel van sy lewe in Europa deurgebring het.
9. Betsy de la Porte.
10. Dr. Stals, Minister van Volksgesondheid en Onderwys.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 17 NOVEMBER 1948

## Hang Die Wors Maar Hoog!

Stellenbosch se Boereseuns het so lekker gekamp dat toe hulle die oggend in die kostent kom vind hulle dat 'n hond al hul wors opgevreet het in die nag! Die rede waarom hul nie die petalje gouer agtergekom het nie was omdat dit die nag begin reën het, en sommige het so nat geword dat hulle maar moes opskuif na die ander en lepel lê. In elk geval, dit was nie 'n aangename verrassing om te ontdek dat die honde gedurende die nag met jou ontbyt weg is nie. Die ribbetjie was egter hoog genoeg opgehang en dit het dus uit die slag gebly.

Maar sulke ondervindings gee mos kleur aan 'n kamp, en die twaalf Boereseuns wat die naweek van 22 — 24 Oktober op Rust-en-Vrede deurgebring het, sal dit nie lig vergeet nie. Toe hul die Vrydagmiddag laat daar aankom het Klein Tielman hul seker al ingewag.

In die groot samentdam kon hul ook baie lekker baljaar, sodat Sondagaand vir almal gans te gou aangebreek het, en die kamp afgesluit moes word.

## Reseppies

DEUR HANNIE FERREIRA

### LUGTIGE KOEKIES

**Benodigdhede:**

1 lepel botter.
1 Eier.
15 druppels vanilla.
2 K meel
1 K suiker
2 t kremetat.
1 t soda

**Metode:**

1. Vryf die botter in die droë bestanddele.
2. Klits eier en werk deur. Roer ook 'n bietjie melk by om die regte styfte te kry.
3. Voeg vanilla by.
4. Smeer klein vormpies en maak halfvol. Bak vir 10 minute.

### SPITS KOEKIES

**Benodigdhede:**

1 K botter.
½ K suiker
1 eier.
1 t. vanilla.
½ t Bakpoeier.
½ t Sout.
2½ K meel

**Metode:**

1. Meng botter en suiker deeglik.
2. Voeg geklitste eier by.
3. Sif meel, bakpoeier, en sout hierby en laaste kom die vanilla by.

## Wie Kan Sê?

1. Vir watter landskappe toon Pierneef 'n besondere voorliefde en vertolk hy ook meesterlik?
2. Hoe oud is hy omtrent vandag?
3. Van watter afkoms is hy?
4. Wat weet jy van een van sy leermeesters, Frans Oerder?
5. Watter eienskap van Pierneef se skilderye maak van hulle sulke uitmuntende muurversierings en is ook die rede waarom die versierings in die Johannesburgse stasie so effektief is?
6. Hoe lyk die skildery (van Pierneef) wat Koningin Wilhelmina onlangs geweier het om van die F.A.K. aan te neem as geskenk?
7. Wat is die naam van die Suid-Afrikaanse kunstenares wat besonder uitblink in Afrikaanse inboorlingmotiewe en beroemdheid vir hierdie werke in die buiteland verower het?
8. Waarom is die naam van Moses Kottler bekend?
9. Wie word beskou as die beste Suid-Afrikaanse mezzosopraan vandag?
10. Watter van die huidige ministers het 'n dubbele doktorsgraad?

(Antwoorde op bladsy 6).

# „Evangeliedienaar, Vaderlander Man, Christen"

## ONS LEWENSBESKOUING

**Soms hoor mens die vraag: „Wat is van groter belang, jou volksplig of jou christelike plig?" So 'n vraag laat seker baie van julle die kop krap né? Ons het ons volk innig lief en sal enigiets opoffer in diens aan land en volk, maar staan ons liefde tot God nie nog hoër nie?**

Gelukkig is dit nie vir ons nodig om te kies tussen **volksdiens en godsdiens** nie, want die twee is so in mekaar vervleg dat dit onmoontlik is om die een van die ander te skei: Diens aan ons volk het slegs waarde as dit gelewer word in die Lig van God se Woord en tot eer van Hom, en aan die anderkant is dit weer onmoontlik om te probeer om God te behaag as jy die volksverband waarin Hy jou geplaas het misken.

**Daarom, Boerejeug, sê ons ons Boerevolk het 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing.** 'n Mens se lewensbeskouing is jou opvatting van die oorsprong, wese, en doel van die lewe, en jou wêreldbeskouing bepaal waar die houding wat jy inneem teenoor die buitewêreld. **As ons dus sê ons het 'n Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing, dan beteken dit dat ons die Oppergesag van God erken oor ons eie lewens sowel as oor die wêreldgebeure maar dat ons ook 'n Nasionale lewensdoel het en dus ook 'n lewensplig teenoor die land en volk waarin ons gebore is.**

### ONS HELDE

Hierdie Christelik-Nasionale lewensbeskouing tref ons aan by al ons groot volksmanne. Ons dapperste generaals op die slagveld het geweet om in die donkerste dae slegs op te sien na Een Leidsman, en ook die eer van suksesvolle veldslae aan Hom te bring. Ons bekwaamste presidente het regeer volgens die Lig wat die Bybel hul gebied het, en die eenvoudigste Boer het sy plaaswerk behartig en die wilde natuur getem, siende op God om leiding.

### PAUL HENDRIK ROUX

Die lewe van Paul Hendrik Roux, wat as predikant van die gemeente van Senekal met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog dadelik sy volle gewig in die stryd gegooi het, is dan ook 'n onmiskenbare uitvloeisel van 'n ware Christelik-nasionale lewensopvatting. Hy was 'n man met 'n edel karakter, blanke opregtheid, beslistheid, suiwer lewenswandel, en vaste oortuiging waarmee hy ook sonder vrees voor die dag gekom het, en onverskrokke moed.

Hy is gebore op 28 September 1862 en het sy skoolopvoeding in die Paarl ontvang. Daarna is hy na Stellenbosch om as predikant opgelei te word. Voordat hy diens aanvaar het te Johannesburg en daarna te Vredefort en Senekal, het hy ook 'n studiereis oorsee onderneem.

### TWEEDE VRYHEIDSOORLOG

Paul Roux was hartstogtelik aan volk en vaderland geheg, en in gehoorsaamheid aan die stem van sy gewete was hy dan ook een van die eerste predikante in die veld. Daar aan die Natalfront was hy egter nie slegs leraar nie maar was ook telkens saam op die slagveld.

Toe die rang van veggeneraal hom aangebied is, kon hy nie weier nie, en in hierdie nuwe hoedanigheid het sy bekwaamheid, dapperheid en opregtheid hom van groot waarde vir sy mense gemaak en het hy altyd die grootste respek en vertroue van hulle ontvang. Hy was vir hulle 'n voorbeeld van taaiheid en moed maar het van sy offisiere en manskappe ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid geëis.

Met die oorgawe van generaal Prinsloo was ook generaal Roux en sy burgers inbegrepe, buite sy medewete en geheel sonder sy toestemming. Die gevolg was dat hy saam met baie ander ook as krygsgevangene na Ceylon gestuur is om daar vir twee jaar as banneling te vertoef. Onder sy mede-krygsgevangenes dáár het hy egter so 'n inspirerende invloed uitgeoefen as prediker, raadgewer en pleitbesorger dat hy afgesonder is van hulle.

Daar was ook veel moeilikheid verbonde aan sy terugkeer omdat Lord Milner geweier het om hom in Suid-Afrika te ontvang. Na baie gesukkel is hy egter toegelaat en het hy weer sy werk op Senekal hervat. Hier het hy hom met groot ywer en trou gewy aan die groot herstelwerk na die verpletterende oorlog, en omdat die gemeente so onbeskryflik verarm was, het hy geweier om enige salaris vir sy dienste te ontvang.

### SLAAPSIEKTE

In 1905 het hy 'n beroep na Beaufort-Wes aangeneem en daar gewerk tot 1910, toe hy en ds. P. K. Albertyn 'n reis na Niassaland-sendingveld onderneem en hy daar slaapsiekte opgedoen het. Op 8 Junie 1911 is hy toe aan sy pastorie te Beaufort-Wes oorlede.

Paul Roux het in kerklike sake 'n leidende rol gespeel en was 'n groot sendingvriend.


(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Weens sy eenvoudige en ernstige karakter het sy woorde altyd diep ingeslaan en het mense graag geluister na sy preke. Sy heengaan is diep betreur deur gemeente, maatskappy, kerk, en volk, want almal het hom geken as 'n besliste christen, beminlike mens, vurige patriot, en heftige stryder vir die Afrikaanse kultuur en taalregte, veral na die oorlog toe ons sulke manne so broodnodig gehad het.

Te Beaufort-Wes is 'n monument vir hom opgerig langs die kerk, deur die kerkraad en gemeente van Beaufort-Wes. Op 10 Julie 1915 is dit onthul deur Vader Kestell en by hierdie geleentheid het hy Ds. Roux beskryf as „Evangeliedienaar, Vaderlander, Man, Christen!"

## ONS BLOKKIESRAAISEL



**DWARS:**

1. Die grootste stad in Afrika.
3. Dit verhinder skepe om weg te dryf.
7. Sing nie vals nie.
8. 'n Edelgesteente.
10. Die tering na die ..... skik.
11. 'n Seldsame mineraal in Suid-Afrika.
13. Die vier provinsies saam.
15. Antoniem van „Nee."
17. Uitvoering van geweide liedere.
20. Hoofstad van Italië.
23. Dieselfde as 16 af.
24. 'n Stad in Rhodesië.
25. Hul paaie het nooit weer „oormekaargeloop" nie.
26. Hy ontwerp geboue.
27. Stof waarvan kruike gemaak word.

**AF:**

1. Naam van 'n natuurwonder by Oudtshoorn.
2. Slagoffer van Dingaan.
3. Onvriendelik afweer.
4. Mense wat geoefen is om saam te sing.
5. Vervalle geboue.
6. Die Volksbeweging waaraan ons behoort.
9. Leier van ons Volksbeweging.
12. Hierin braai ons vleis of bak ons eiers.
14. 'n Digsoort.
15. Voornaam van eerste nedersetter.
16. Die laaste twee letters van Japan.
17. 'n Saak het twee.
18. 'n Voertuig van die stede.
19. 'n Wrede onderdrukker.
20. Twis.
21. Kledingstuk van predikant of ouderling.
22. Ego.
24. Wat 'n kers jou bied.

ANTWOORDE OP BLADSY TWEE

# BOEREJEUG BEREI VOOR VIR ONTHULLING VAN MONUMENT

**'n Boerejeuglaertrek vir Wes-Kaapland wat bedoel is om as voorbereiding te dien vir die groot Uniale Boerejeuglaertrek te Pretoria in Desember 1949 wanneer die Voortrekkermonument onthul word, word vanaf 10 tot 20 Desember op Middagkrans, Franschhoek gehou.**

Pogings word aangewend om soveel Boerejeuglede as moontlik saam te trek en alle lede wat die laer bywoon, moet minstens op 11 Desember in die laer wees. Alle treine sal op Franschhoek-stasie ontmoet word en sal na die laerterrein vervoer word. Geen Boerejeuglid wat jonger as 9 jaar is, sal tot die laer toegelaat word nie tensy hy of sy spesiale verlof hiervoor ontvang.

Offisiere en verantwoordelike persone moet sorg dat die name en adresse, ouderdomme en kodenommers van die laergangers nie later nie as 1 Desember aan Boerejeug-laer, Posbus 1411, Kaapstad, gestuur word. Die laerfooi is 15s. per laerganger.

'n Boerejeugbevel sal eersdaags in hierdie verband uitgereik word waarin volle besonderhede verstrek sal word.

# V.V.O.-NORME WEERSPREEK NEURENBERG-REGSPRAAK

## „Beywering Vir Agressie Geen Misdaad"

**Op presies dieselfde dag verlede week toe 'n Geallieerde „hof" bestaande uit elf regters sewe Japanse leiers, onder wie die eerste minister, genl. Tojo, op aanklag van sameswering tot agressie ter dood veroordeel het, het die V.V.O. in Parys met meerderheid van stemme besluit dat daar vryheid vir propaganda vir „agressie" moet wees. Slegs veertien lande het daarteen gestem — met België as die enigste Westerse moondheid onder hulle. 'n Verdere vryheid wat volgens die besluit onbelemmerd beoefen kan word, is die stook van „internasionale haat."**

**Die stemme in die laaste geval was gelykop, maar volgens die reëls van die V.V.O. beteken dit dat diegene wat vir vryheid van haat-aanblasing is, gewen het. Suid-Afrika het ook vir hierdie „vryheid" gestem saam met Amerika, Brittanje, Kanada, Nu-Seeland, Noorweë, Swede, Indië en Griekeland. Australië, Sjina en Frankryk het verkies om oor die saak liewer buite stemming te bly.**

Die reg om vir enige ideologie, onder andere ook fascisme propaganda te maak, is ook deur die V.V.O. erken.

**Dit beteken dat die V.V.O. blykbaar heeltemal onnadenkend 'n streep deur die hele sogenaamde „denazifikasie" in Duitsland trek, waar miljoene mense — in die Amerikaanse besettingsgebied alleen is 3,000,000 mense getref — enigiets van lewenslange opsluiting tot verbod op eiendomsbesit as straf ontvang het vir blote lidmaatskap en geloof aan 'n ideologie waarvan die Geallieerdes nie hou nie.**

### DIE AANKLAG

Die aanklag teen die Japanners was dat hulle saamgesweer het om 'n agressiewe oorlog te voer. Drie van die regters het verklaar dat hiervoor geen voldoende getuienis bestaan nie. Daarenteen het die voorsitter, sir William Webb van Australië, die mening uitgespreek dat daar te min beskuldigdes was — die Keiser moes ook verhoor gewees het.

**Hoe 'n mens aan die een kant die reg om vir 'n agressie propaganda te maak kan erken as 'n fundamentele reg van die mens en dan soldate en politici** te laat ophang omdat hulle van daardie reg gebruik gemaak en mekaar tot agressie beweeg het is een van die baie diepgaande teenstrydighede wat mens kry wanneer die duiwel 'n bondgenoot is in die stryd om behoud van die „Christendom" en wanneer 'n aartsdiktator soos Stalin die grootste kamvegter van die demokrasie geword het, soos ons die afgelope oorlog aanskou het.

### MOES WETTE BY DADE LAAT AANPAS

Net soos in die geval van Neurenberg is die Japanse leiers verhoor nie omdat hulle bestaande volkeregsreëls oortree het nie, **maar omdat 'n Geallieerde hof sekere wette „geskep" het met die doel om dade wat reeds gepleeg was, en wat voorheen deur die volkereg as wetlike dade erken is, onwettig te verklaar.** Die reg van oorlog — selfs van agressie — is voorheen deur die volkereg erken, anders sou weinig van Engeland se eerste ministers op 'n verebed gesterf het.

### WILLEKEURIG

Maar nie alleen het die hof wat die gedoemde leiers moes „verhoor" self eers 'n wet moes maak waarkragtens hy die „beskuldigdes" kan beskuldig en daarna ter dood veroordeel nie, **maar daardie wette het betrekking net op diegene wat willekeurig voor die hof gesleep word. Mense wat presies dieselfde dinge gedoen het, maar nie aan die verloorkant was nie, gaan as onskuldiges vry uit — of is selfs as regters op die regbank aangestel, soos in die geval van Rusland wat saam met Duitsland Pole ingeval het, maar in Neurenberg die siniese voorreg vergun was om sy verteenwoordiger die vonnis oor die Duitse leiers te laat uitspreek vir die inval van Pole.**

Vir sover oorlogsleiers die bestaande volkereg oortree het, het niemand beswaar dat hulle aangekla en gestraf word nie. Maar wanneer 'n ongewone volkerehof besig is om mense te laat ophang op grond van dade wat daardie hof self eers onwettig verklaar, terwyl die verteenwoordigende organisasie van die volke op die dag van die uitspraak 'n wet neerlê wat die propagering van sulke dade goedkeur, is iemand wat nog van volkereg en internasionale regspraak praat, nie by sy volle verstand nie.

---

Gee u O.B.-blad aan u buurman om te lees — hy sal dit die volgende keer self vra, en nie te lank nie, of ons het nog 'n intekenaar!

# MATROOS SE DOL HUWELIK IN KAAPSTAD

Die weersinwekkende omgang tussen besoekende Britse matrose en nie-blanke vroue in Suid-Afrikaanse hawens het onlangs nasleep gehad in die hof in Brittanje toe 'n Britse matroos, Albert Jenkins, aansoek gedoen het om van sy nie-blanke vrou in Kaapstad met wie hy tien dae saamgeleef het, te skei. Sy het reeds vier kinders.

Toe die regter hom vra waarom hy met die kleurlingvrou getrou het, het hy geantwoord: „Nugter alleen weet."

„Dit is 'n dol saak oor 'n dol huwelik," het die regter gesê. „Hy het die vrou getrou, tien dae met haar saamgeleef, skeepgegaan en haar nooit weer gesien nie."

**Die nasionale Party het in 1938 'n verkiesing geveg oor die kwessie van gemengde huwelike. Die volk verwag dus van die huidige bewind spoedige optrede teen hierdie maatskaplike kanker.**

# OUDGEÏNTERNEERDES VAN KAAPLAND BYEEN

**Saterdagaand is 'n baie geslaagde vergadering van oudgeïnterneerdes en politieke gevangenes in Kaapstad gehou. Verskeie waardevolle artikels is vir bewaring in die Bloemfonteinse Oorlogs-Museum oorhandig. Een vriend het oor die 200 myl ver gekom om die vergadering by te woon, en sy kampprestasie 'n klein stoommasjientjie vir die museum te oorhandig.**

'n Afdeling vir Kaapland en veral Wes-Kaapland (onderhorig aan die Uniale Raad van die B.O.—P.G.), is vir administratiewe kanaaldoeleindes gestig. Oud-geïnterneerdes van Kaapland en veral van die Skiereiland word versoek om onmiddelik hul name en adresse aan die Sekretaris, Bus 3638, te stuur. Veral is dit nodig vir 'n voorgenome re-unie wat D.V. in Januarie of Februarie in Kaapstad tydens die Parlementsitting gehou sal word. Die afdeling van die B.O.—P.G. se verkose Voorsitter is ds. J. D. Vorster en die Sekretaris, „Oom Ghandi" — ander lede van die Kaaplandse Komitee, sal in 'n omsendbrief aan oud-geïnterneerdes eersdaags verstrek word, asook besluite wat geneem is.

# GEEN HELDERHEID NOG OOR A.P. SE KANDIDATE

**Afrikanerpartykandidate wat vir die verskillende kiesafdelings aangewys is, voel bekommerd omdat daar so lank getalm word met die erkenning van hul kandidature van H.N.P.-kant. Meeste van hulle wil nie begin werk voordat finaliteit omtrent hul posisie verkry is nie, en dit geld veral diegene wat ook lede van die Ossewabrandwag is. Daar word egter verneem dat dr. Malan en mnr. Havenga in onderhandeling is sodat op 'n spoedige beslissing gehoop kan word.**

**Dit wil voorkom asof die H.N.P.-leiding nog nie heeltemal helderheid het oor sy houding teenoor kandidate wat lid van die Ossewabrandwag is nie.**

In Transvaal het een afdelingsbestuur 'n skriftelike versoek aan die Afrikanerparty gerig om geen O.B. as kandidaat te stel nie, en die hele saak sal waarskynlik nog eers deur die Transvaalse kongres van die H.N.P. binnekort oorweeg moet word. In Kaapland het die kongres 'n paar weke gelede te Port Elizabeth 'n besluit oor O.B.-lidmaatskap geneem wat dit vir die party maklik sou kon maak om A.P.-kandidate te ondersteun wat terselfdertyd lid van die O.B. is, **maar geen regstreekse beslissing is oor die saak gegee nie. Die kongres het die kwessie van kandidaatskap aan dr. Malan opgedra vir beslissing.** Sedertdien het die Federale Raad van die H.N.P. ook vergader en, na Die O.B. verneem, is die saak daar ook bespreek sonder dat finaliteit bereik is. Dit wil dus voorkom asof die saak maar in die hande van dr. Malan gelaat is.

### AGTERSTAND

**Die feit dat die A.P.-hoofkantoor nog nie die name van sy kandidate bekend gemaak het nie — iets wat 'n paar weke gelede al verwag is — skep die indruk asof mnr. Havenga nog in onderhandeling met dr. Malan is, en dat daar wel van H.N.P.-kant beswaar gemaak word teen kandidate wat lid van die Ossewabrandwag is, netsoos in die algemene verkiesing.**

Intussen voel A.P.-kandidate besorg oor die vertraging omdat kandidate van die ander partye reeds in die veld is en sodoende 'n groot voorsprong op hulle kry — iets wat veral die A.P. swaar tref omdat hy met enkele uitsonderings setels moet betwis waar hy 'n groot agterstand het om in te haal. Daar word in die verband gedink aan wat in Brakpan met die algemene verkiesing gebeur het, toe die lang vertraging in verband met die kandidatuur van adv. Vorster daartoe gelei het dat baie kiesers nie betyds opgespoor kon word nie, en adv. Vorster sy nederlaag van slegs twee stemme hoofsaaklik by die posstemme opgedoen het.

# STALIN WIL GLO WEER GESELS

**Berigte uit Parys wil dat Stalin deur middel van een van sy diplomate te kenne gegee het dat hy gewillig is om 'n samespreking met pres. Truman te hou oor die Berlynse kwessie in besonder en die internasionale politieke toestand in die algemeen. Die Sowjet-ambassadeur in Frankryk, Bogomolov, sou hierdie mededeling aan twee Franse ministers verlede week gedoen het.**

Uit Washington word berig dat pres. Truman glo nie bereid is om die Russiese diktator alleen te ontmoet nie, maar sal aandring dat minstens Engeland ook ingesluit moet word. Truman is glo gewaarsku dat soiets andersins tot wrywing tussen Brittanje en die V.V.O. kan lei, en dat dit miskien juis Stalin se oogmerk is.

Dit is bekend dat Truman persoonlik ten gunste is van 'n intieme samespreking met Stalin en dat hy kort voor die presidentsverkiesing 'n spesiale afgevaardigde vir die doel na Moskou wou stuur, maar Attlee het onlangs verklaar dat hy geen voorneme het om Stalin persoonlik te spreek nie en dat die V.V.O. as kanaal moet dien vir internasionale vraagstukke.

### SOETE HERINNERINGS

**Dit is natuurlik moontlik dat Stalin nog soete herinnerings nahou van die neerbuigende offervaardigheid van Roosevelt en Churchill in die dae toe hulle by sulke geleenthede sommer maklik 'n paar dosyn heildronke op 'n aand ingestel het. Dit was by so 'n persoonlike ontmoeting dat Stalin regstreekse besit van die helfte van Pole — terwille van wie die oorlog toe nog gevoer was — en onregstreekse besit van Oos-Duitsland verkry het onderwyl Roosevelt die kamer verlaat het onder voorwendsel van maagpyn.**

# Kongres Sal Historiese Betekenis Hê

**Die kongres van die Afrikanerparty wat oor veertien dae op Brakpan gehou word, sal verreikende gevolge hê vir die politieke geskiedenis van Suid-Afrika, en volgens Die Vaderland, sal mnr. N. C. Havenga, leier van die Party, een van die belangrikste toesprake hou wat 'n Afrikanerleier nog gehou het.**

**Die kongres word op 1 Desember deur mnr. Havenga in die Brakpanse stadsaal geopen, en na verwag word sal sowat 1,000 afgevaardigdes dit bywoon. 'n Groot aantal afgevaardigdes uit Wes- en Oos-Kaapland sal ook aanwesig wees.**

# Ekonomiese Opkoms Van Afrikaner

'n Ondersoek na die ekonomiese opkoms van die Afrikaner sedert 1938 sal deur die Afrikaanse Handelsinstituut ingestel word. Hierdie ondersoek sal bestaan uit 'n landswye onderneming wat vroeg aanstaande jaar van stapel gestuur sal word.

Agente van 'n Afrikaanse Versekeringsmaatskappy sal die Handelsinstituut hiermee behulpsaam wees, sowel as ander sake-ondernemings. Die Handelsinstituut is van voorneme om sy bevinding in 'n brosjure uit te gee.

# Dokumente Sonder Verlof Verbrand

**Ongeveer 11,000 veiligheidsleggers is gedurende September 1947 by die Groothoofkwartier van die Verdedigingsmag te Pretoria verbrand, volgens getuienis wat die kommissie wat die Minister van Verdediging aangestel het om die verbranding van dokumente te ondersoek, ingewin het. Volgens die getuienis is tot die gevolgtrekking gekom dat die dokumente sonder verlof verbrand is omdat persone daarvan ontslae wou raak. Al die dokumente met uitsondering van 300 is gedurende die tydperk verbrand. Die vraag is: watter stappe gaan die regering doen teen persone wat staatsdokumente sonder verlof verbrand het?**

---

Verantwoordelikheid vir alle politieke kommentaar en berigte in hierdie uitgawe word, tensy anders vermeld, gedra deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerk-gebou 703, Kaapstad.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.